

A) Introduction

History textbooks are often more important than even the teacher in fostering a historical awareness or conveying a particular perspective of what history is to the child.

The writing of textbooks is often an enterprise which can at times be very frustrating due to differing criteria and priorities of individuals and education departments. Both the person involved in actually writing the text and the publisher have to cope with quite a number of obstacles and problems. Do they have enough time to complete the job? How must a specific syllabus be interpreted without writing too much or otherwise not enough? What is the attitude to specific "new" approaches like a source orientated approach? Should a publisher opt for new ideas or rather play it safe? These are some of the many questions that have to be faced.

"Yesterday and Today" hopes to make a contribution to clarify this issue by the following independent assessments of two historians (and ex-history teachers) who were not directly involved in the writing of the latest bunch of textbooks for secondary schools that are presently available on the local market. Unfortunately a third person from overseas, who was involved in evaluating the publications, could not meet the deadline for publication of the article.

It has to be accepted that no single textbook will meet all the requirements of every teacher and this exercise must not be interpreted as an effort to propagate the use of a single textbook. On the contrary the opposite might be a more appropriate conclusion. We hope that in this way teachers may develop a sensitivity for the pro's and con's of various textbooks and use them accordingly. What is more, you may have your own ideas about the books that have been scrutinized (or any other book for that matter) — please do not hesitate to write to us. In this way we might help to avoid certain pitfalls in future.

The following is a very brief outline of issues that had to be addressed by the reviewers.

1. CONTENT

- * The factual correctness of the content.
- * The balanced presentation within the parameters of the syllabus.
- * Examples of blatant bias and onesidedness.

2. DIDACTICAL PRESENTATION

- * The systematical and logical presentation of the content (i.e. headings, sub-headings, summaries, themes, index).
- * Learning opportunities (i.e. the type of questions and stimulus material, relevance of maps, diagrams, further reading etc).
- * Is due regard also given to history as a "process" and will the presentation foster an inquisitive approach towards the study of history?

Bear in mind that this is not in the first instance an evaluation of the history curriculum but an assessment of the textbook, taking the given curriculum as a point of departure.

P.S. The textbook of Joubert & Britz which has recently been severely criticised in the daily press, was unfortunately not submitted by the publishers for evaluation. Your comments on this controversial publication are invited.

B) Evaluering deur

PROF P.H. KAPP

(Universiteit van Stellenbosch)

Vir die doel van hierdie studie is van uitgewers Engelse kopieë van handboekreekse vir die nuwe Geskiedenis-syllabus ontvang nl. Educum, Juta, Nasou, Maskew Miller en Shuter en Shooter. Ongelukkig was nog geen eksemplare van Educum en Juta se handboeke vir st. 10 by die skryf van die artikel beskikbaar nie. Omdat 'n indringende bespreking van 30 handboeke wat die sillabusse van st. 6 tot st. 10 dek in die bestek van só 'n artikel 'n onbegonne taak is, het ek my opdrag afgebaken. Daarmee is veral beoog om weg te beweeg van die talle vae algemeenhede wat so dikwels oor handboeke gesê word en in diepte op spesifieke aspekte in te gaan. Gevolglik is twee onderwerpe uit die standaard 10-syllabus gekies en is 'n dieptestudie van die behandeling van elkeen in die drie beskikbare handboeke (Nasou, Maskew Miller en Shuter en Shooter) gemaak. Die twee onderwerpe is só gekies dat hulle moeilike en belangwekkende temas in die Algemene en die Suid-Afrikaanse Geskiedenis dek, nl. die Koue Oorlog in Europa en Suid-Afrika, 1948 - 1970.

1. KRITERIA

Ten spyte van al die tegnologiese ontwikkelinge van ons tyd is handboeke steeds die belangrikste instrument waardeur onderrig geskied. Dit word 'n instrument waarmee die leerling elke dag werk en waarby hy ten nouste betrokke is. Dit kan nooit die onderwyser vervang nie en die wyse waarop die onderwyser met hierdie instrument werk, is in vele opsigte bepalend vir die gehalte van onderrig wat in die klaskamer gaan plaasvind. Terwyl die handboek steeds hulpmiddel is en dit die sillabus en nie die handboek is wat voorgeskryf is nie, is die besondere plek wat die handboek inneem sodanig dat baie sorg, tyd, aandag en moeite in die opstel, uitgee en keuse van handboeke belê moet word. Dit is daarom jammer dat 'n mens in 'n artikel soos hierdie net 'n steekproef van handboeke en onderwerpe ter tafel kan neem.

Een ding wat 'n artikel soos hierdie nie moet wees nie, is 'n kleingeestige en foutsoekerige ontleding van handboeke nie. Daarom moet 'n begrip vir die probleme en beperkinge wat by die skryf en uitgee van geskiedenis-handboeke bestaan, duidelik gestel word. Handboeke moet binne 'n sekere kostestruktuur gehou word sodat baie mooi planne en idees noodwendig onder die valblyl moet deurloop. Die beskikbaarheid van professionele handboekskrywers is nog 'n uiters belangrike beperking.

Die kort tydsduur vir die skryf en uitgee van manuskripte is aan almal wat enigsins ervaring van die saak het, oorbekend. Kompetisie om manuskripte uit te gee, tydsdruk, departementele keuringsbeleide, die verskillende onderwysdepartemente betrokke en die sleutelrol van sillabusse is ook beperkende faktore.

In werklikheid moet 'n hele afdeling van die artikel eers aan die skoolsyllabus gewy word maar daarvoor is daar nie ruimte nie. In die geval van die twee onderwerpe wat vir die steekproef gekies is, is die sillabusse juis in meer as een opsig problematies en moet heelwat van die probleme wat geopper sal word, aan die sillabus en stellig nie aan die handboek gewy word nie. Skoolsyllabusse is op 'n doelbewuste en berekende seleksie

van inhoud gebaseer wat op vakkundige en opvoedkundige oorweging gebaseer is. Dit bly egter 'n vraag of die inhoud altyd met die hoogste mate van kundigheid en in ooreenstemming met duidelik geformuleerde doelstellings met en doelwitte van die onderrig van die vak gekies is.

Die volgende vereistes vir 'n geskiedenis-handboek is in die bres in die steekproef in aanmerking geneem.

1. Hoe gebalanseerd en waarheidsgetrou is die feite, kennis, insigte, perspektiewe en begrip wat deur die inhoud oorgedra word? Dit is veral by die twee onderhawige onderwerpe 'n baie moeilike kriterium omdat dit gevoelige en fel omstrede eietydse problematiek is wat aan die orde is.
2. In die lig hiervan is die kriterium van 'n perspektiewiese benadering juis 'n belangrike een. Word vir die leerlinge verskillende perspektiewe aangebied en word hulle tot eie vrae en denke gestimuleer of word die inhoud op ewangeliese wyse aangebied?
3. Word die opvoedkundige doelstellings in die hantering van die stof verwesenlik? Is daar geleentheid vir selfstandige werk, vir ontwikkeling van denke en vaardighede, vir 'n wyer perspektief, vir 'n begrip van die sin en waarde van die stof?
4. Pas die taal en styl by die vlak van die leerlinge?
5. Word die sillabus gedek?
6. Is die voorkoms, uitleg, toeligting en samestelling van die boek in terme van tipografiese versorging, prente, illustrasies, struktuur ens. sodanig dat dit die onderrig van die vak en die bemeestering van die inhoud bevorder?

Die eerste kriterium is die grondslag waarop 'n handboek berus en ook die omvattendste een om te beoordeel. Daarom sal die meeste aandag daaraan gewy word.

2. DIE KOUE OORLOG

- 2.1 Gebalanseerdheid en korektheid van die inhoud.
- In 'n bespreking van die Koue Oorlog verwag 'n mens duidelikheid oor wat die Koue Oorlog is, hoe dit ontstaan het en wat die vernaamste gebeure in die ontwikkeling daarvan in Europa is. Die sillabus plaas hier bepaalde beperkinge wat die handboekskrywer netjies sal moet hanteer om vakkundige eise daarmee te versoen.

Twee van die boeke (Nasou en S en S) wy aandag aan die begrip Koue Oorlog. Albei is egter daarop ingestel om die Koue Oorlog as 'n objek of 'n gebeurtenis eerder as 'n verhouding te definieer. Al drie boeke beklemtoon die rol van wantroue as 'n geestesgestelheid wat 'n voortsetting van die opportunistiese samewerking wat deur Hitler se inval in Rusland in Junie 1941 geskep is, onmoontlik gemaak het. Die kilheid wat tussen Junie 1945 en Maart 1947 in die verhouding tussen die USSR en die VSA ingetree het, vorm die grondslag van die Koue Oorlog waaruit al die probleme, wedyering, spanning en konfrontasie van daaropvolgende dekades sou volg.

Dit is dus nodig om by 'n bespreking van die oorsprong van die Koue Oorlog die aandag op ses aspekte te vestig:

- die voor-1941 verhouding tussen die VSA en die USSR
- die wantroue wat gedurende die oorlog net onder die oppervlakte van samewerking aanwesig was
- die besluite van Jalta en Potsdam
- die Duitse vraagstuk
- die Poolse vraagstuk

● die herstel van vooroorlogse regerings en state in Oos-Europa

Die Maskew Miller-boek behandel baie belangrike aspekte glad nie in die betrokke hoofstuk nie. 'n Hele aantal van die sake word egter in hoofstuk 4 behandel onder die opskrif **The aftermath of the Second World War**. In die lig van die feit dat die Koue Oorlog eers na die einde van die Tweede Wêreldoorlog ontwikkel het, is hierdie benadering vreemd. Die Russiese besetting van Oos-Europa en die ontstaan van twee Duitslande word gevolglik hier behandel en nie by die Koue Oorlog waar dit tuishoort nie. Die boek is ook geneig om die sillabus baie letterlik te interpreteer met die gevolg dat die behandeling van die Koue Oorlog die vorm aanneem van 'n reeks losstaande gebeure. Die wese van die Koue Oorlog kom glad nie tot sy reg nie.

Die Nasou-boek se struktuur kom die naaste aan genoemde uiteensetting. Die aanwending van ontoepaslike opskrifte benadeel egter die struktuur. So byvoorbeeld word die konferensies van Jalta en Potsdam onder die opskrif die uitbreiding van Kommunistiese beheer in Oos-Europa en die verdeling van Duitsland behandel. Dit wek die indruk dat, soos inderdaad deur 'n sekere skool in die Amerikaanse politiek en geskiedskrywing beweer is, die Weste by Jalta en Potsdam uitverkoop is. Hoewel daar belangrike kritiek teen die besluite van Jalta en Potsdam ingebring kan word, sou só 'n siening nie korrek wees nie. Dit is eerder die feit dat besluite van Jalta en Potsdam nie nagekom is nie, wat 'n koue oorlog laat ontwikkel het.

In al drie die boeke word die sleutelgebeure wat die Koue Oorlog in Europa sou skep en wat tussen Potsdam en die Trumanleer plaasgevind het, baie sydelings aangeraak. In die sillabus word uitbreiding van kommunistiese beheer in Oos-Europa prominent vermeld. Verwarring word egter geskep deur die wyse waarop dit geplaas word. Wat in Oos-Europa gebeur het, en ons kan Pole en Duitsland vir alle praktiese doeleindes hierby insluit, is van so 'n basiese belang dat dit 'n prominente plek in die handboeke moes gekry het. Nie een van die handboeke laat hieraan reg geskied nie. Trouens die S en S-boek het in hierdie opsig veral 'n ernstige gebrek waarop aanstons teruggekom sal word.

Die S en S-boek se groot winspunt is sy perspektiewiese benadering. Probleme daaraan verbonde word in 2.2 bespreek. Omdat, volgens sy inleiding, dit bedoel is om 'n "nuwe" geskiedenis te wees, gaan die boek mank aan 'n ernstige gebrek aan balans oor die Koue Oorlog. Die sterk invloed van die Amerikaanse revisionistiese geskiedskrywing oor die Koue Oorlog bring 'n eensydigheid wat die andersins lofwaardige poging to 'n perspektiewiese benadering verswak. Daar is talle voorbeelde wat in dié verband aangehaal kan word, maar daar word met net die belangrikstes volstaan.

- Die wyse waarop die rol van die VSA in twee onderafdelings (**The roots of distrust** en **The beginnings**) behandel word, is sodanig dat die indruk gewek word dat die Sowjet-Unie net maar defensief gereageer het en dat Amerikaanse inisiatiewe die vernaamste oorsaak van die Koue Oorlog was. Opvallend min of niks word oor die invloed en betekenis van die Russiese bondgenootskap met Duitsland voor 1941 en die gebrek aan samewerking van Rusland se kant byvoorbeeld met die verskaffing van inligting, landingsregte en hulp aan die Poolse ondergrondse beweging tydens die Warschau-opstand gesê. Selfs die wyse waarop die hele problematiek van die opening van 'n tweede front hanteer word, laat die indruk asof dit 'n bewuste Britse poging was om Rusland te benadeel.

● Dieselfde neiging is te bespeur wanneer 'n mens let op die kronologiese opeenvolging van gebeure wat daar behoort te wees en wat ontbreek. Ameri-

kaanse betrokkenheid in Europa en die Midde-Ooste, die Trumanleer, die Berlynse krisis en die otstandkoming van NAVO en die Warschau verdrag word eers behandel, wat die indruk wek dat dit 'n reeks oordrewe Amerikaanse aksies was waarop die Sowjet-Unie defensief gereageer het. Eers daarna kom die uitbreiding van kommunistiese beheer in Oos-Europa aan die beurt. Die feit is dat Sowjet verontagsaming van besluite wat by Jalta en Potsdam geneem is, tot 'n verandering in Amerikaanse beleid gelei het, dat Roosevelt ten tye van sy dood al redelik ontnugterd was in sy hoë ambisies vir en verwagtinge van samewerking met Stalin en dat Truman tussen April 1945 en Maart 1947 op soek was na 'n effektiewe Amerikaanse antwoord op die ensydige Sowjet-optrede.

- Op bladsy 179 word kapitalisme as blote winsbejag getipeer en die belangrikheid van demokratiese vryheid word onderbekslemtoon.
- Die uiteensetting op bladsy 179 skep 'n veel meer positiewe beeld van die USSR se vooroorlogse optrede as wat geregtig is, deur belangrike dinge te verswyg o.a. die rol van die Komintern en pogings om inderdaad Kommunistiese rewolusies in ander lande aan te moedig.
- Terwyl dit reg is om die aandag te vestig op die ekonomiese mag en selfbelang van die VSA na die oorlog (p. 183) en die Sowjet-Unie se relatiewe swakte, is dit onbillik om die VSA dan as die "more ambitious of the two powers" te beskryf en te verklaar dat die USSR "had no imperial designs". Stalin het dié sterk en swak punte van onderskeidelik die USSR en die VSA beter begryp as enige iemand anders. Hy het veral 'n goeie besef gehad dat die USSR se ligging met betrekking tot die Oos-Europese lande, die aanwesigheid van die Rooi Leër in daardie lande en die wyse waarop die Sowjet-Unie vyfde kolonies van inheemse kommuniste kon gebruik, hom in 'n besondere magposisie geplaas het waaroor die VSA nie beskik het nie.
- In aansluiting hierby word die hele proses van die Sowjet magsoorname in Oos-Europa nie behandel nie. In daardie proses en in gebeure in Duitsland lê die sleutel tot die Koue Oorlog opgesluit. As dit in perspektief gestel was, sou Die Trumanleer ook in beter perspektief geplaas kon word eerder as om dit as 'n "dramatic and exaggerated" reaksie te beskryf.
- Daar is baie meer soortgelyke tendensieuse uitsprake, soos die lukrake wyse waarop die Sowjet verbod op Oos-Europese deelname aan die Marshall Plan hanteer word, die ontstaan van die Warschau Verdrag en die uitspraak dat die VSA enige anti-kommunistiese regering ondersteun het.

Wanneer 'n mens by die Koue Oorlog in die vyftigerjare kom, is die sillabus ongelukkig sodanig dat dit vir die handboeksrywer probleme moet skep. Al wat die sillabus oor die vyftigerjare vereis is die Warschau Verdrag en opstande in Oos-Europese lande. Die handboeke het dit gevolglik as sulke insidente gehanteer. In dié proses is die onderwerp ook skade aangedoen. Die vyftigerjare word ook deur 'n aantal sentrale ontwikkelinge oorheers: die uitwerking van die Koreaanse Oorlog, die Eisenhower-Dulles-beleid van bevryding, Stalin se dood en die uitwerking wat dit op die politieke omstandighede in die USSR gehad het en Chroestsjof se beleid van vreedsame naasbestaan. In al drie boeke is hierdie omstandighede óf verswyg óf net terloops vermeld. Tog vind 'n mens byvoorbeeld in die Nasouboek 'n vraag oor vreedsame naasbestaan (vraag 4, bladsy 109). Die beleid word egter nêrens bespreek nie. Daar is net 'n toevallige verwysing na die woord op bladsy 102.

'n Laaste inhoudsaspek waarna verwys moet word, is wat die sillabus noem: Pogings om Europese eenheid te bewerkstellig. Dit is 'n groot en belangwekkende onderwerp. Koppeling daarvan aan die Koue Oorlog kan minstens in die voreë fase geregtig word, maar is baie problematies. Vir die handboeksrywer word geen aanduiding gegee van watter aspekte hier bespreek moet word nie. Gevolglik wissel die handboeke van S en S se baie oppervlakkige belangse hantering daarvan tot Nasou se meer volledige bespreking. Laasgenoemde bied vir die leerlinge 'n goeie begrip. Die verband met die Koue Oorlog word egter nie regstreeks aangespreek nie en die balans, wat insig en begrip moet skep, is plek-plek wankelig. Die belangrikste Europese Staal-en Steenkoolgemeenskap word amper geïgnoreer, die relatief onbelangrike Europese Vryhandelsgebied kry heelwat aandag, self meer as die uiters belangrike Europese Ekonomiese Gemeenskap.

Die Maskew Miller-boek is oor Europese samewerking die mees volledige en bied 'n goeie en indringende oorsig wat dié ingewikkelde saak vir leerlinge begrypbaar maak.

2.2 'n Perspektiwiese benadering.

Die historiografiese debat wat veral in die VSA gevoer word oor die Koue Oorlog leen hom goed daartoe om die leeringe se aandag op die belangrike metodologiese beginsels en intellektuele vaardighede wat in die vak opgesluit lê, te. Die hantering van perspektiewe stel aan die onderwyser en die handboeksrywer besondere eise. Diepte-kennis en gebalanseerdheid in die hantering van feite en insigte staan voorop. 'n Deeglike bewustheid van die slaggate is 'n ander belangrike een. Die Koue Oorlog kan gebruik word om die betekekenis van hierdie vereistes nader toe te lig. Die opkoms van die revisionistiese en die radikale vertolkings van die Koue Oorlog het belangrike nuwe vrae aan die orde gestel wat meebring dat vroeë en ortodokse standpunte oor die Koue Oorlog aansienlik gewisg moes word. Maar in dié proses is in twee slaggate getrap: na mate Amerikaanse argivale bronne oopgestel word, kan Amerikaanse beleidsformulering in die kleinste besonderhede ontleed word en kan allerhande persoonlike, newegesikte, addisionele en kritiese houdings gebruik word om Amerikaanse motiewe bloot te lê. Dieselfde kan nie ten opsigte van die USSR gedoen word nie met die gevolg dat met veel meer algemene uitsprake wat op beperkte en geselekteerde bronne en ontleding gebaseer is, aangebied word. Die binnewerke van die Kremlin word nie soos met Washington die geval is, onder allerhande vergrootglase geplaas nie. Die ander probleem is dat houdings en probleme wat met die Viëtnam-gebeure in verband staan, teruggelees word in die na-oorlogse gebeure en gevolglik word 'n ongebalanseerde beeld geskep.

Die handboek van Nasou wend 'n effense poging tot 'n perspektiwiese benadering aan, die een van Maskew Miller verwys glad nie daarna nie en volstaan met reekse gebeure. Die meeste aandag aan verskillende interpretasies van die Koue Oorlog word in die boek van S en S gegee. Om begryplike en aanvaarbare redes word dit vereenvoudig en word die leerlinge se aandag daarop gevestig dat hulle vir hulleself 'n gevolgtrekking moet maak. Ongelukkig is die wyse waarop die stof daarna behandel word, sodanig dat dit geen reg aan 'n perspektiwiese benadering laat geskied nie. Dit sou interessant wees om leerlinge se reaksie te toets as hulle die teks gelees het op die vraag wie die blaam vir die Koue Oorlog moet dra. My indruk is dat, om redes wat reeds verduidelik is, die handboek die meeste blaam op die Amerikaners se skouers plaas.

Perspektiwiese benaderings moet sterk aangemoedig word, maar deeglike kennis, belesenheid en leiding van vakkomitees is 'n vereiste om daarvan 'n sukses te maak.

2.3 Bereiking van die doelstellings.

'n Handboek kan net die weg baan tot die bereiking van die doelstellings met die onderrig van die vak. Die grootste verantwoordelikheid rus op die skouers van die onderwyser. Waar dit gaan daarom om die leerling met basiese kennis en konsepte toe te rus sodat hy van historiese ontwikkelinge bewus kan wees, het al drie boeke positiewe kenmerke. Die Maskew Miller-boek lig op die meeste bladsye sleutelbegrippe uit wat spesifiek toegelig word. Sommige van die begrippe verdien miskien nie dié besondere aandag nie terwyl ander wat dit wel verdien, nie uitgelig is nie. Die Nasou-boek gee glad nie sodanige leiding nie, terwyl die S en S-boek dit by wyse van 'n (onvolledige) lys aan die einde van die hoofstuk doen en 'n handige kronologiese tydkaart byvoeg.

Laasgenoemde boek stel deurgaans in die teks vrae en probleme aan die order waaroor die leerlinge gedwing word om na te dink en standpunt in te neem. Dit is baie bruikbaar hoewel ek by verskeie opdragte gewonder het of die leerlinge op grond van die inligting wat in die teks gegee word, die opdragte kan uitvoer. Die Nasou-boek gee baie prikkelende vrae en veral sy begripstoetse is 'n geleentheid om selfstandig te denke te stimuleer. Die Maskew Miller-boek se opdragte en vrae is meer stereotiep. Die S en S-boek gebruik kaarte op 'n handige wyse en sy wek-en-rig-opdragte by spotprente is baie bruikbaar.

Nie een van die boeke slaag werklik daarin om 'n mate van selfleeswerk en naslaanwerk te ontwikkel nie. Die feit dat nuttige onderrigmateriaal hieroor nog baie skaars is, is 'n groot leemte.

2.4 Taal en styl

Die taal en styl is goed. Van die boeke kies die veilige neutrale maar dikwels minder stimulerende weg van 'n beskrywing van gebeure, terwyl ander daarvan probeer wegbeweeg maar in dié proses die gevaar loop om aan gebalanseerdheid en waarheidsgetrouheid in te boet.

2.5 Word die sillabus gedek?

Die sillabus verteenwoordig noodwendig 'n beperkte seleksie. Terwyl 'n mens daarvoor begrip het, moet die belangrikheid van die regte seleksie om aan die vak-kundige eise te voldoen, nie negeer word nie. In die sillabusgedeelte oor die Koue Oorlog sou 'n mens verbeteringe kon aanbring en sou 'n mens groter duidelikheid op spesifieke punte verlang. In al drie handboeke is die gedeelte oor uitbreiding van kommunistiese beheer in Oos-Europa nie op standaard nie en het die sillabus waarskynlik meer verwag. Die Maskew Miller teks is geneig om die sillabus baie letterlik na te volg met die daaruit voortvloeiende probleme om 'n perspektief op en begrip van die Koue Oorlog te ontwikkel. Die Nasou-boek gee meer aandag aan die ontwikkeling van 'n begrip van die problematiek en is ook andersins sterk sillabusgerig.

Die S en S-boek wyk af van die sillabus o.a. in die plek en rol wat aan Oos-Europa, Iran en Turkye toegeken word en die oppervlakkige kursoriese wyse waarop die beweging vir Europese eenheid behandel word.

2.6 Uitleg van die boeke.

Dit is 'n saak waaroor baie geskryf kan word sonder dat 'n wesenlike bydrae tot die ontwerp van 'n goeie handboek gelewer word. Persoonlike smaak speel per slot van sake hier 'n groot rol. Illustrasies, kaarte, foto's van persone en gebeure en spotprente word in al drie boeke aangewend. Die Maskew Miller-boek doen dit op die geïllustreerde wyse, die Nasou-boek se teks is aansienlik verhelder deur die wyse waarop dit gedoen is, terwyl die S en S-boek die interessantste verskeidenheid openbaar. Leerlinge moet name met gesigte kan verbind,

kaarte hê om die ruimtelike omstandighede van gebeure visueel te maak en foto's sien wat aan gebeure lewe gee. Sketse, spotprente en beelde waaraan vrae en opdragte gekoppel kan word, is 'n vereiste. Hoewel nie een van die drie as 'n buitengewone voorbeeld van die beste benutting hiervan beskryf kan word nie, is daar moeite in dié verband gedoen.

Om werklike studie te bevorder, moet 'n teks sistematies wees met 'n logiese struktuur wat die leser in staat stel om die hoofstuk as 'n geheel te internaliseer. Daarom moet die teks vloeiend en sonder steurnisse wees. Opdragte, toespitsings, verhelderings moet so hanteer word dat dit nie hierop inbreuk maak nie. In hierdie opsig is die S en S-boek vir my persoonlik 'n ernstige sondebok met die baie dinge wat op allerhande maniere in die teks bygewerk is. Dit trek nie net die aandag af nie, maar steur die logiese struktuur en kan by leerlinge 'n ongebalanseerde interpretasie van wat belangrik en nie belangrik is nie meebring. Ek sal nie verbaas wees as heelwat leerling vind dat die boek hulle verwar nie. Die formaat van die boek is ook lastig, hanteer moeiliker en dit bevorder dalk net die indruk van verwarring.

3. SUID-AFRIKA 1948 - 1970

Die behandeling van die eietydse Suid-Afrikaanse geskiedenis is 'n veel moeiliker opgaaf as die eietydse Algemene Geskiedenis. Dit is fel omstrede sake wat in die politieke stryd van die dag betrokke is wat op 'n akademiese, opvoedkundig verantwoordelike en gebalanseerde wyse behandel en aangebied moet word. Suid-Afrika is 'n politiek gepolariseerde land, politieke vraagstukke word met besondere erns en diepgaande emosies bejeën en elke mens het die reg op 'n eie politieke standpunt. Die tema behandel sake wat nog elke dag nuuswaardig is en waarby mense daagliks betrokke is. Voor die Geskiedenisonderwyser sit leerlinge van uiteenlopende politieke, sosiale en lewensbeskoulike agtergronde. Kragtens die doelstellings met die onderrig van Geskiedenis moet hy hulle tot verantwoordelike staatsburgerlike vorming opvoed. Hy moet 'n politieke, ekonomiese, maatskaplike en kulturele geletterdheid by hulle skep. Hy moet hulle van die problematiek van die mens en sy tyd bewus maak, en hy moet by hulle 'n kritiese houding maar terselfdertyd ook waardering vir die historiesgeworde, die eie en ander kulture skep.

Teen hierdie agtergrond moet aanvaar word dat eenstemmigheid oor die presiese inhoud van sillabusse en die aanbieding van handboeke 'n uiters moeilik bereikbare ideaal is. Sillabusse is noodwendig dus kompromieë en seleksies. Die handboekskrywer moet daaraan inhoud en betekenis gee wat aan bogenoemde doelstellings uitvoering sal gee. Geen handboekskrywer kan in 'n situasie soos in Suid-Afrika bestaan, hom op volkome neutraliteit beroep nie omdat net die keuse van stof en die wyse waarop dit gerangskik word, al 'n bepaalde benadering weerspieël. Hiervoor moet die leser en gebruiker van die handboeke begrip hê. Daarom is dit goed as meerdere tekste van tyd tot tyd gebruik word en daarom is dit noodsaaklik dat die onderwysers toegewyde studente van die vak moet bly en voortdurend moet lees.

Daar is drie riglyne waarmee onderwysers en skrywers deeglik rekening moet hou wanneer hulle hierdie omstrede en gevoelige onderwerpe in die geskiedenis behandel:

- Die feite en gebeure moet korrek, volledig en met deurdagte helderheid aangebied word vry van persoonlike vooroordele en veroordelings, maar met verantwoorde vertolkings om aan die stof 'n historiese betekenis te gee.
- Die verskillende standpunte oor omstrede sake moet almal met billikheid, korrektheid en gebalanseerde aandag gestel word. Party moet nie verswyg of in 'n reël of twee afgehandel word, terwyl ander baie volledig behandel word nie.

- Gebeure, ontwikkelinge, beleide en uitsprake moet altyd binne die verband van hulle historiese omstandighede gestel word. Dit is die wese van die vak en dit is wat hom meer geskik as enige ander vak maak om juis die staatsburgerlike vorming van jong kinders te mag behartig.

Die wyse waarop die onderwerp Suid-Afrika 1948 - 1970 in die drie handboeke onder bespreking behandel word, word vervolgens aan die hand van die gestelde kriteria ondersoek.

3.1 Inhoud

Die sillabus vereis dt hierdie periode in die Suid-Afrikaanse geskiedenis by wyse van die volgende vier aspekte behandel moet word:

- Die aanloop tot en totstandkoming van 'n republikeinse staatsvorm.
- Die aanloop tot en totstandkoming van 'n republikeinse staatsvorm.
- Ekonomiese ontwikkeling en maatskaplike verandering.
- Suid-Afrika se buitelandse beleid met spesiale klem op SWA en die isolasie van Suid-Afrika.

Daar moet op gelet word dat die voorskrifte van wat by elke tema behandel word, in aard en omvang verskil. By dr. Malan word gespesifiseer "die apartheidsbeleid, rasseverhoudinge, daaropvolgende binnelandse en internasionale reaksie". In die geval van adv. Strydom word net gesê: "Afsonderlike Verteenwoordiging van Kiesers 1951 (sic!) en toenemende verset" en by dr. Verwoerd "Afsonderlike ontwikkeling en tuislande". Daarna word 'n vae voorskrif "Politieke ontwikkeling, die strewe na 'n republiek, die stappe" gegee. In geval van ekonomiese ontwikkeling word 'n hele aantal dinge gespesifiseer en word die interessante begrip "voortdurende ekonomiese ontwikkeling" gebruik.

Die sillabus is nie net vaag en ongebalanseerd nie, maar ook onvolledig en inkonsekwent. 'n Letterlike interpretasie kan meebring dat die vier temas in isolasie van mekaar gesien word, wat nie vir 'n begrip van die tydperk bevorderlik is nie. Dit is duidelik dat die sillabus die handboekskrywer met heelwat probleme laat en hom min leiding gee oor waar hy die klem moet plaas, watter balans hy tussen gevoelige en omstrede sake moet skep en wat die wesenlike van die tydperk is wat oorgedra moet word.

In die strukturering van die stof volg die boeke van Maskew Miller en Nasou die voorskrifte van die sillabus inderdaad só streng na dat hulle dieselfde vierdeling in daardie volgorde toepas. In die Maskew Miller-boek word binne daardie struktuur 'n streng kronologiese orde gevolg. Reekse feite wat soms oorweldigend en eentonig raak, word aangebied, sonder rigtinggewende vrae, vertolkings, verheldering of verduideliking. Mens kry die indruk dat die skrywers omstredenheid op hierdie wyse probeer vermy het. Die produk is 'n amper kliniese opgaaf van wette, statistieke, gebeure en reaksies sonder kousale verbande. Sommige aspekte word heeltemal verwaarloos en ander behandel. Die ekonomiese groei word baie positief in besonderhede behandel met relatief min aandag aan die insinkings en probleme. Die ontvoogding van Britse gesag en die Suidwes-Afrika probleem kry besondere aandag. Sosio-ekonomiese probleme en verskysels word onderbektomtoon en die ontwikkelinge van politieke stominge in swart, Kleurling- en Indiërgebiede kry heelwat minder aandag. Indringende vrae, belangrike probleme en die ontwikkeling van 'n sentrale problematiek ontbreek. Die Maskew Miller-boek kan beskryf word as 'n boek waarin gepoog is om gevoelige sake te vermy deur net die noodsaaklike kernfeite te stel in die verwagting dat die onderwyser verdere perspektiewe en vertolkings sal bybring. In sekere opsigte is dit 'n veilige weg. Ongelukkig boet dit in aan intellektuele prikkeling en

opvoedkundige aantreklikheid.

